# GOP EN BEGROTINGSOORSIG –
## JOU INSET IS WAARDEVOL

Mosselbaai-munisipaliteit begin in April met sy openbare konsultasies in al 15 wyke van die munisipale gebied om insette van inwoners te kry oor die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan en begroting vir die 2024/2025 finansiële jaar. Hierdie proses word uiteengesit in die wetgewende raamwerk waarvoor in Artikel 16(1) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, No 32 van 2000 voorsiening gemaak word.

Daarom doen die munisipaliteit 'n beroep op alle gemeenskapstrukture, organisasies, belangegroepe en gemeenskapslede om aan hierdie geleentheid deel te neem deur insette te lewer in die 2024/2025 GOP en begrotingshersiening en sodoende aktief aan munisipale sake deel te neem.

Die formaat wat aangebied word, moedig publieke deelname aan deur in te stap by die lokale hieronder aangedui. Die publiek kan die genoemde lokale enige tyd tussen 16:00 en 18:00 besoek om mondelinge of skriftelike insette in te dien. Verteenwoordigers van die munisipaliteit sal teenwoordig wees om ondersteuning, waar nodig, aan lede van die publiek te bied wat hulle inset wil lewer en voorleggings wil inhandig. Neem asseblief kennis dat veranderinge aan die skedule dalk kan voorkom as gevolg van die beurtkragskedule, indien en waar van toepassing.

**Veranderinge sal betyds gekommunikeer word op:**

- munisipaliteit se Facebook-blad - https://www.facebook.com/mosselbaymun/
- munisipale WhatsApp-kanaal - https://whatsapp.com/channel/0029VaObfDbBadmjaxmERb0d
- WhatsApp-groepe
- die munisipale slimfoontoepassing Collab Citizen, aflaaibaar vanaf Apple App Store, Huawei App Gallery en Google Play Winkel
- plaaslike radiostasies (Tambo FM, Eden FM en HeartBeat FM)
- en gedrukte media, waar moontlik.

| DATUMS - 2024 | TYD | WYK | WYKRAADSLID | LOKAAL |
|---|---|---|---|---|
| 2 APRIL 2024 DINSDAY | 16:00 - 18:00 | 11 | Rdl N le Roux | Boggomsbaai-gemeenskapsaal |
| | | 4 | Rdl A Janse Van Rensburg | Rheebok-gemeenskapsaal |
| 3 APRIL 2024 WOENSDAG | 16:00 - 18:00 | 1 | Rdl S Dubula | KwaNonqaba-gemeenskapsaal |
| | | 13 | Rdl R Ruiters | Binnenshuise sportsentrum |
| 4 APRIL 2024 DONDERDAG | 16:00 - 18:00 | 11 | Rdl N le Roux | Danabaai-gemeenskapsaal |
| | | 6 | Rdl M Furness | Voortrekker-saal |
| 8 APRIL 2024 MAANDAG | 16:00 - 18:00 | 7 | Rdl S Botha | Sonskynvallei-gemeenskapsaal |
| | | 9 | Rdl E Meyer | Lutherse kerksaal |
| 9 APRIL 2024 DINSDAG | 16:00 - 18:00 | 9 | Rdl E Meyer | D'Almeida-gemeenskapsaal |
| | | 7 | Rdl S Botha | Brandwag-gemeenskapsaal |
| 10 APRIL 2024 WEDNESDAY | 16:00 - 18:00 | 12 | Rdl W Buda | Joe Slovo-gemeenskapsaal |
| | | 14 | Rdl D Claassen | Friemersheim-gemeenskapsaal |
| 11 APRIL 2024 DONDERDAG | 16:00 - 18:00 | 8 | Rdl L Coetzee | Mosselbaai-stadsaal |
| 15 APRIL 2024 MAANDAG | 16:00 - 18:00 | 2 | Rdl N Gwaza | Thusong-sentrum |
| | | 7 | Rdl S Botha | Herbertsdale Anglikaanse Kerk |

Mosselbaai
MUNISIPALITEIT

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 16 APRIL 2024 DINSDAG | 16:00 - 18:00 | 13 | Rdl R Ruiters | Nativity-kerksaal |
| 17 APRIL 2024 WOENSDAG | 16:00 - 18:00 | 3 | Rdl Z Matyesini | Thusong-sentrum |
| 18 APRIL 2024 DONDERDAG | 16:00 - 18:00 | 5 | Rdl A Dellemijn | Groot-Brakrivier munisipale raadsaal |
| 22 APRIL 2024 MAANDAG | 16:00 - 18:00 | 15 | Rdl M Mkonto | Asla-gemeenskapsaal |
| 23 APRIL 2024 DINSDAG | 16:00 - 18:00 | 12 | Rdl W Buda | Hillcrest Sekondêre Skool |
| | | 14 | Rdl D Claassen | Greenhaven -gemeenskapsaal |
| 24 APRIL 2024 WOENSDAG | 16:00 - 18:00 | 10 | Rdl L van Dyk | Hartenbos munisipale kantore |
| | | 7 | Rdl S Botha | Denneprag-skoolsaal |

## TEMPLATE BESKIKBAAR VIR GERIEF

Templaatdokumente vir voorleggings sal beskikbaar gestel word vir die publiek se gerief. Dit kan by alle munisipale kantore en openbare biblioteke, insluitend plaaslike spaza-winkels vir gerieflike toeganklikheid afgehaal en ook weer ingedien word. Met die hulp van munisipale werknemers sal individue wat nie kan lees of skryf nie of wat enige ander uitdagings ondervind, die nodige hulp ontvang om hul insette te lewer en hul voorleggings te maak.

Bykomende skriftelike kommentaar en insette kan per e-pos gestuur word na: idp@mosselbay.gov.za (IDP verwant) admin@mosselbay.gov.za (Begroting verwant), Pos na: Privaatsak X29, Mosselbaai, 6500, Hand afgelewer: Marshstraat 101, Mosselbaai, 6500 (Sekuriteitshokkie).

## SKAKEL IN OP PLAASLIKE RADIOSTASIES

Skakel in op die volgende plaaslike radiostasies vir meer inligting oor die 2024/2025 GOP en begrotingshersieningproses.

- 19 Maart 2024, 15:00-16:00, Tambo FM (www.radioking.com/play/tambo-fm
- 20 Maart 2024, 15:00-16:00, HeartBeat (109.9 FM)
- 21 Maart 2024, 17:00-18:00, Eden FM (93.8 FM)

**SLUITINGSDATUM VIR KOMMENTAAR OF INSETTTE: 3 MEI 2024 OM 16:00**

**Vir enige verdere navrae, kontak:**
Mnr Z Mpumela by (044) 606 5096/ e-pos zmpumela@mosselbay.gov.za - GOP
Me V Basson by (044) 606 5154/ e-pos vbasson@mosselbay.gov.za – Begroting.



Mosselbaai
MUNISIPALITEIT